
Heilbron
# Herald
*If it is not in the Heilbron Herald, it is only a rumour.*
WEEK 7Deel 110
VRYDAG - 22 FEBRUARIE 2019
www.heilbronherald.co.za
R5-00 (BTW ingesluit)

# Operasie Slaggat begin Maandag



## Heilbron moet help!

Na die goeie reën het slaggate mooi leeg gespoel. Die munisipaliteit gaan Maandag begin met herstelwerk aan Piercestraat. Die herstelspan van die munisipaliteit het net sowat ses werkers. Danie du Plessis van Sanjo's het dit op hom geneem om hulle by te staan in "Operasie Slaggat", maar sê Daan - soos almal hom ken, hy het hulp nodig van die inwoners. Die munisipaliteit het 'n teersnyer en dit sal hulle self beman. Om die materiaal en lossand te verwyder is die arbeid-intensiewe deel en dit is hier waar hulle hulp gaan nodig hê. Kom ons maak dit 'n gemeenskapspoging, vra hy voorts. Enige bydrae gaan help. Kontak hom gerus by 079 515 7999. Net 'n dankie as jy verbyry gaan nie die gate toemaak nie - raak betrokke.



SAM - SOLAR
Green Energy
*Sonpanele *Inverters
*Verskillende pakkette beskikbaar vir jou huis
Haal die angel uit beurtkrag!
KONTAK: Sampie Marais 0588524907

DC FASTENERS

Groothandel in:
·boute
·skroewe
·moere
·wassers
-silicone (soudal)
-ketting
en vele meer!
Enige grootte
Enige lengte
Enige hoeveelheid
Vir 'n gratis kwotasie en advies, skakel Francois by 066 293 4826 of e-pos: dcfasteners@gmail.com

NG Kerk Moedergemeente
Saterdag 2 Maart
vanaf 09:00 tot laat...
Basaar
KINDERVERMAAK
Op soek na die boeresport-*champion*

- Pannekoek
- Poedings
- Vars gebak
- Kerrie-en-rys
- Braaivleis
- Vleistafel
- Witolifante
- Huisvlyt
- Hope kindervermaak

• Plaasontbyt word bedien vanaf 09:00 tot 10:00 (R40pp)
• Kampioenpotte sal bedien word vanaf 12:00 vir take-away (R40pp)

FRANKFORT VEILING
FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Elke Donderdag
te Royal Auction Centre

Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135
BKB Louwid Noord:
"Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!"
AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2317
E-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
Reg. No. 2005/026173/07
NAVRAE:
Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za
BKB LOUWID

TATA HEILBRON
VIR DIE BESTE DIENS IN DIE DORP, KOM NA TATA HEILBRON!
NOU OOP VIR BESIGHEID!
TATA HEILBRON

# Brandstofpryse styg weer in Maart-maand

Sedert Desember 2018 het motoriste met breë glimlagte die petroljoggies gevra om hul voertuie vol petrol en diesel te gooi. Dit het natuurlik die pad na hul vakansiebestemming goedkoper gemaak. Die goeie nuus was versprei vir die daling van ongeveer R1,85 per liter vir petrol en R1,40 per liter vir diesel. Volgens die AA was dit die gemiddelde prysvlakke vir 2018. In Januarie 2019 het motoriste steeds breed geglimlag oor die petrol- en dieseldaling. Ongelukkig is die vooruitsigte in Maart-maand nie so positief nie. Volgens berigte noem die AA dat die styging in internasionale petroleumpryse 'n negatiewe invloed op brandstofpryse gaan hê. As gevolg van die rand teenoor die doller en die styging in die oliepryse raak die prentjie nog slegter. Volgens die voorspelling blyk dit asof petrol in Maart met sowat 43 sent per liter gaan styg en diesel met 62 sent per liter meer gaan kos. “Indien die tendense in die oliepryse en die rand se prestasie nie stabiliseer nie, kan die prentjie nog donkerder raak voor die einde van die maand.” Motoriste word aangeraai om die verhoging in die brandstofpryse by hulle begrotings in te reken.



*Erkenning: https://www.dezaak.nl/879/bespaar-op-brandstof.htm*

## Lede kuier saam rondom Gesondheid



*Heilbron Dienssentrumlede het hierdie week 'n program gehad wat gehandel het oor die gesondheidswaarde van sjokolade, rooiwyn en koffie. Natuurlik het die lede al drie uitgetoets en het dit baie aanvaarbaar gevind. Drie nuwe lede het by die Dienssentrum aangesluit. Hulle is Monica Coetzer, Susan Smith van Tweeling en Caryl Loots. Op die foto is Monica Coetzer en Sylvia Meades (bestuurderes van Heilbron Dienssentrum). Susan en Caryl was afwesing tydens die neem van die foto.*

## Akteurs by VKB Bieliemieliefees




*Die week van 11 tot 17 Februarie was die bekende VKB Bieliemieliefees in Reitz 'n groot geleentheid. Een van die opvoerings, Nêrens Noord-Kaap, is in samewerking met Hoërskool Reitz aangebied. Op die foto is die drie akteurs saam met Mnr. Uys le Roux (skoolhoof) van Hoërskool Reitz. Van links: Geon Nel, Mnr. Uys le Roux, Albert Pretorius en De Klerk Oelofse.*





## terugblik

## Die einde is in sig



*Heilbron Herald - Vrydag, 24 Oktober 2014 - Die einde is in sig: Na maande se ongerief is die einde nou in sig. Donderdag het die kontrakteurs wat aangestel is om Kerk en Steilstrate in Heilbron te herstel, begin om die bruggie op pad na Senwes te teer. Die padwerke het reeds in Junie begin. Dit was 'n miernes van werkers en masjiene wat saamwerk sodat ons 'n nuwe slaggatlose pad kan geniet.*

# Huis- en Tuinbouklub - maandvergadering





*Op die foto verskyn Bertha Hancke, Elsabé Bothma, Arnold Hijner, Hester Steyn en Riekie Bruyns.*

Die Huis-en-Tuinbouklub het Woensdag, 20 Februarie hul maandelikse vergadering gehou. In die pragtige natuur en tuin van Petro Meintjes het 'n groot groep dames en twee mans gesit wat aandagtig kom luister het na die gasspreker, Arnold Hijner. Hijner is afkomstig van Vanderbijlpark waar hy jare gelede Erika Kwekery besit en bestuur het. Hy het die tuinboulede en gaste meer kom vertel oor die snoei van plante en uitlegte van tuine. Hy verwys na 'n tuin as God se skepping wat lewendig is deur die plante. Hy het punte uitgewys hoe om jou tuin mooi en netjies te hou, vertel van grondbedekkers en struike wat onder bome geplant kan word en die nodige water wat gegee moet word. 'n Belangrike punt is gemaak om op hoogte te bly van jou tuin. Hijner het ook meegedeel watter bome, bome van die jaar is - die Maroela en Appelblaarboom. Hierdie bome kom in subtropiese dele voor. Hy het uitgewys watter bome ideaal is vir die Heilbron area - Geelhout, Witstinkhout en 'n "pompom" boom.

Lekkernye is na die vergadering geniet. Die volgende vergadering vind plaas op 13 Maart. Die nodige inligting sal deurgegee word.

**Spertyd vir Vrydae se Herald artikels & advertensies is Woensdae om 10:00.**

# Voortrekker-kamp goed ondersteun

Nog 'n suksesvolle naweek is vir die Voortrekkers aangebied op die Vegkopterrein. Die jaarlikse GGN (Gebieds Goedgekeurde Naweek) kamp het die afgelope naweek plaasgevind wat deur agt kommando's van sover as Fiksburg en Clocolan bygewoon is. Leerders van graad R tot graad 7 het deelgeneem aan die verrigtinge. 'n Stewige getal van 220 mense het die naweek bygewoon, waarvan dit 'n voorreg was om 54 volwassenesse en ouers te kon deel hê.

Samuel Brayshaw het 'n intreekursus aangebied wat deur agt offisiere bygewoon is. Spesialisasies is ook gedurende die naweek gedoen, onder andere: Graad R en 1 het deelgeneem aan lekker sing en Ek Weet (veiligheidsparaatheid). Graad 2 het die junior noodhulp gedoen en in die natuur hulle veldkookvernuf beoefen. Graad 3 het aan handwerk en junior paraatheid deelgeneem en graad 4 het geoefen hoe om te onthaal - gasheer en gasvrou. Graad 5 leerders was betrokke by boeresport en godsdiens. Graad 6 het meer geleer van die Anglo Boereoorlog en graad 7 van die Afrikaner-kind.


Almal wat deel uitgemaak het van die kamp het Saterdagmiddag deelgeneem aan moddergooi, kleilatgooi en toutrek. Jonk en oud het nie geskroom om deel te hê in die pret nie. Die koppie is ook uitgeklim. Later die aand is daar heerlik om 'n kampvuur gesing. Die naweek is afgesluit deur Mike Mouton wat Sondagoggend se kerkdiens gely het. Lekker verversings is na die tyd geniet.

*Foto erkenning: Dawie Fourie*


















# Studente



**EK DINK MY OUERS WAS SO BLY TOE EK UITEINDELIK UIT DIE HUIS IS.** (Natuurlik is daar 'n verskil tussen "uit die huis" en "uit die sak".)

Ek is die jongste van vier kinders. Toe my oudste broer universiteit toe is, het ek my siek getreur oor die ouboet wat nou nie meer by die huis bly nie.

Toe die tweede boetie ook verder gaan studeer, was dit nie so erg nie. Ek was amper daaraan gewoond dat hulle twee nie by die huis is nie.

So ses jaar daarna is my sussie ook universiteit toe. Ek was baie bly dat sy haar skuif gemaak het, want nou kon ek by haar gaan kuier het in die koshuis. Die nadeel was natuurlik dat ek nou alleen skottelgoed moes was, afdroog en wegpak. Maar, aangesien sy nou nie meer in die huis is nie, sal die skottelgoed ook afneem. Slim, nê?

**SO GEBEUR DIT TOE DAT DIT MY BEURT IS OM TE GAAN STUDEER.**

Ek was maar skrikkerig toe ons voor my nuwe koshuis stop. My pa het vertel dat die HK so vriendelik lyk, maar hulle wag net dat die ouers van die nuwe eerstejaars die pad vat, dan kom die vark in hulle uit. En ek was gereed daarvoor.

Sowaar. Skaars het ek my ouers gegroet (en 'n kleinerige traantjie weggepik) of Juffrou Maria het met haar "trieks" begin.

Ek het vir die eerste twee weke nie gepraat nie. In elk geval nie sommer nie. Ek wou nie aandag trek nie. Los my net alleen sodat ek kan begin leer.

Marijke was my vriendin van skooltyd, en sy was ook my kamermaat vir die eerste paar weke. As jy nou gedink het dat ek min gesê het, Marijke het nóg minder gesê. Sy het aan die einde van matriek 'n groot liefdesteleurstelling gehad en het vir maande daarna nog oor diè man getreur. Sy het haar hoedjie baie diep oor haar oë getrek en sy het niemand om haar raakgesien nie.

Saam was ons twee stil-stil die stilles. Totdat die klasse begin het.

Ek het dapper met my twee geel lêers klas toe gestap en gewonder waar ek die geld gaan kry om al my handboeke ook te koop. Sien, in daardie dae het ek sakgeld gekry waarmee ek my handboeke en skryfbehoeftes moes aankoop. En as daar in Januarie en Februarie nie geld was vir handboeke nie, dan moes dit maar oorgestaan het tot Maart. So maklik soos dit.

Een aand het ek en Marijke besluit om ons vriendskap te red: die enigste manier hoe ons dit kon doen, was om kamermaats te ruil. Ek kry toe vir Ceretha as 'n kamermaat.

Wat 'n seëning! Ceretha het aptekerswese studeer, en soos by ons, was daar nie geld om 'n jaar te herhaal nie. Sy moes dus baie hard werk. En ek het besluit om haar roetine aan te neem. As dit nie daarvoor was nie, sou ek sekerlik steeds op universiteit gewees het.

**SAAM MET DIE UNIVERSITEITSLOOPBAAN HET DAAR BAIE JARGON BYGEKOM.** Party van die terme was aan die begin onverstaanbaar, maar namate die tyd verbygegaan het, het die terminologie van my tong af begin rol. Deesdae is daar baie meer studentetaal wat ten tye van my verblyf op kampus nog nie daar was nie.

Ons het in die koshuis se Jompie bymekaargekom. As jy in my koshuis was, sou jy geweet het dat dit die naam van ons ontspanningsaal was. Niemand is baie seker waar die term vandaankom nie, ons het net aangehou om dit so te noem.

**DIE HK-LID WAS 'N OULIKE MEISIE.** En nee, HK het nie in hierdie geval na verwys na die hoofkwartier nie, maar na die Huis Komitee.

En as sy nie kon help nie, kon jy by die SR aanklop. Die Studenteraadslid is so genoem.

In al my vakke het ek 'n demi gehad. Nee, nie Demi Moore of die vorige mej. Mooi nie. Die demi was my demonstrateur wat gehelp het met ons prakties. Die arme mans (ja, dit was elke keer 'n man wat my demi was) moes kyk dat ek my prakties in my vier praktiese vakke, DRK, PLK, CHE en FSK, kan doen. (As jy dit vertaal, is dit Dierkunde, Plantkunde, Chemie en Fisika.)

Die meeste van hierdie vakke was in die Spinnekop. Heel gepas vir diegene wat Wetenskappe bestudeer, Die klasse, dosente se kantore en ons laboratoria was daar. En iewers, ver agter die Spinnekop, het ek my voorletters in nat sement uitgekrap.

Ons het op die Fanie gaan sport doen. Probeer dit voor jou ouers sê, veral al jy 'n reputasie gehad het. "En my kind, hoe voel jy as jy by Fanie was?"

"Uitasem, ma, rooi in die gesig, moeg maar gelukkig," sug jy behaaglik. Jou ma maak groot oë na jou pa se kant toe.

Totdat jou ouers agterkom dat Fanie nie 'n regte mens is nie. Dit is net die naam van die sportgronde.

**DAN KAN JY BY DIE SS GAAN WAG VIR JOU KOS OF STUDENTEMAATS OF NET OMDAT JY KAN.**

Jou ma se oë rek, want sy vermoed dat jy by die destydse Nazi's se geheime polisie gaan aansluit. Nee, dis net die studentesentrum waarvan jy praat.

Dalk moet jy dit eerder in die Draak doen. (Jou ma sien al hoe kom die rook by jou neusgate uit en sy wonder of die Draak groen is.)

Ons het in die Amfi ge-rasie. Vir die Intervêr. Jy het predipunte gekry.

Jou kamer is gereeld gepluk. (Ek wonder of dit nog gedoen mag word?) My kamer was gereeld in die hysbak of selfs eenkeer in die voorportaal. Bed netjies opgemaak, selfs die bedkassie met die bedlampie. Net jammer ek moes dit weer terugvat na my kamer toe.

Wat is my doel met hierdie skrywe? As jy uiteindelik jou spruite vaarwel roep uit jou huis, moenie skrik vir al die studentetaal nie. Leer gou-gou waavan hulle praat en gesels sommer saam.

Want al is jou kind uit jou huis uit, bly hulle in jou sak. **WANNEER HULLE UITEINDELIK UIT JOU SAK IS, BLY HULLE IN JOU HART.**

En dis waar hulle hoort.

# KERKNUUS

**NG MOEDERGEMEENTE**
**Sondag:** 09:30 Nagmaal
Deurkol: NG Gemeente Effata vir Dowes / Kategese Blok 1

**NG SUID**
**Sondag:** 09:30 Erediens

**GEREFORMEERDE KERK**
**Sondae:** 09:30 Erediens (Nagmaal: Sending)
Katkisasie: Les 5 / Diensbeurte: Wyk 1 & 2

**NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK**
H.v Stoffelnel- en Nicolstrate
**Sondae:** 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M Prinsloo 016 973 1011, 083 943 4561

**AGS PLEINSTRAAT 72**
**Sondae:** 10:00 Erediens
Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug
Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

**CHRISTUS GEMEENTE**
(H/v Right- & Gilbertstraat) - **Sondae:** 09:30 Erediens

**AP-KERK**
Tweedestraat, Vegkop-uitbr.
**Sondag** 10:00 Erediens - Nagmaal (Heilbron)
Deurkollekte Bybelverspreiding / VBO toets / Liefdesmaal Groep 2

**METHODIST CHURCH**
**Sunday**: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

**GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA**
**Sondag** 10:00 Erediens - **Kontak MP Malindi 078 054 2862**

**EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE**
Hou eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

**EVANG. GEREF. KERK FRANKFORT (MARKSTR. 20)**
**Sondagoggend:** 10:00 Erediens
18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00
Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

**AGS PETRUS STEYN**
Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
**Sondae:** 10:30 Erediens / **Woensdae:** 18:00 Biduur

**PENTECOSTAL CENTRE**
(Assemblies of God, Sandersville)
Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens /
**Maandag:** 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur - Matt 26:38, Jak 5:16, Eff 6:18 / **Woensdag**: Huissel, **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
**Vrydag:** 18:00 Jeugaand, **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

**AGS KERK SANDERSVILLE**
**Sondae:** Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00, Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

**CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE**
**Dinsdae:** 17:00 Jeugdienste & Oefeninge / **Woensdae:** 17:00 Gemeentediens & Biduur / **Sondae:** Heiligmaking om 10:30.
Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

**AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT**
Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00 / Aanddiens: 18:00
**Woensdae:** 18:00 Bybelstudie
Navrae: Ds Adriaan Bester 060 953 1880

**DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF**
Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe.
Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

Heilbron Herald

# GEMEENSKAPSNUUS

## Heilbron Dienssentrum

*Breëstraat 57, Heilbron • Tel: 072 220 7272*
Bestuurder: S. Meades

**PROGRAM**

**MAANDAE:**
08:45 - Gimtrim
**DINSDAE:**
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)
**WOENSDAE:**
10:00 - Speletjies, Jukskei ensovoorts. Elke week iets anders.
**DONDERDAE:**
17:00 Kooroefening
***Geen byeenkomste tydens skoolvakansies***

## *Op en Wakker Dienssentrum*

vir Bejaardes Reitz

***Program vir week***

**Maandag**
09:00 Kooroefening
**Dinsdag**
09:00 Bloeddrukke
**Woensdag**
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
**Donderdag**
10:00 Sosiale program
**Vrydag**
09:00 Bybelstudie
**Kontakpersoon**
**Petro Pretorius**
**082 325 1322**



## RIEMLAND MUSEUM TYE

**VRYDAE 09:00 - 13:00**

Vir enige navrae kontak Quarta Pretorius 082 821 2410 of Magdaleen van Rensburg 076 646 8576

**Neem saam op jou lewenspad: Geloof van Abraham, Getrouheid van Rut, Geduld van Job, Wysheid van Salomo, Deursettingsvermoë van Paulus, Nederigheid van Jesus se moeder Maria, Dra uit na ander die liefde en omgee van Jesus.**
*Ingestuur deur: Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil*

**'n Gedagte: moenie probeer om God se Hand vas te hou nie, laat Hy liewer jou hand vashou. Hy doen die houvas werk, doen jy net die vertrou werk. My sussie Anna het dit eenkeer na my oorgedra.**
*Ingestuur deur: Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil*

## DIE RUS INGEGAAN

† Elizabeth Hlongwane is oorlede in die ouderdom van 86. Haar diens vind plaas op Saterdag, 23 Februarie te begraafplaas op die plaas. Sy laat na haar familie en vriende.

# GEKLASSIFISEERD
Smalls

**Die Heilbron Herald word uitgegee & gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Lizzy** herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerant bydraes ens.)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
- **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Jolandri** heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.**

*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

## WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Sa 23 Febr. | 18 / 31 | Sonnig, warm |
| So 24 Febr. | 17 / 32 | Warm |
| Ma 25 Febr. | 14 / 31 | Sonnig, warm |
| Di 26 Febr. | 14 / 31 | Warm |
| Wo 27 Febr. | 17 / 31 | 37% kans vir laatmiddag buie |
| Do 28 Febr. | 15 / 24 | 49% kans vir reën |
| Vr 1 Mrt. | 16 / 23 | 45% kans vir reën |
| Sa 2 Mrt. | 16 / 23 | 47% kans vir oggendbuie |
| So 3 Mrt. | 15 / 25 | Sonnig |
| Ma 4 Mrt. | 16 / 24 | 26% kans vir donderbuie |
| Di 5 Mrt. | 19 / 25 | Sonnig |
| Wo 6 Mrt. | 16 / 25 | Gedeeltelik bewolk |

## KENNISGEWING

### KENNISGEWING AAN DEBITEURE & KREDITEURE

In die boedel van wyle **SAREL PETRUS DU PLESSIS,** Identiteitsnommer: 770818 5020 089, ongetroud en woonagtig gewees te plaas Driefontein, Heilbron (Vrystaat Provinsie) en wie oorlede is op 17 Januarie 2018.
**Boedelnommer: 001595/2018** (Meester Bloemfontein)
Hiermee word kennis gegee dat duplikate van die likwidasie en distribusie rekenings (derde en finale) in die boedel hierbo vermeld, in die kantore van die Meester Bloemfontein en Heilbron Landdros Hof vanaf 18 Februarie 2019 tot 10 Maart 2019, ter insae lê vir alle persone wat daarby belang het.
Gedateer te Pretoria op hierdie 6de dag van April 2019.
**(GET) SA TINTINGER**
**242 LANGESTRAAT,**
**NIEUW MUCKLENEUK,**
**PRETORIA**

### ESTATE NOTICE

In the Estate of the Late **JACOBUS MARTHINUS JANSE VAN RENSBURG,** Identity Number 500726 5019 083, married out of Community of Property, of Lipton Farm, Lindley District, who was born on 26 July 1950 and who died at BETHLEHEM on 3 November 2018.
**Estate Number: 010541/2018**
Creditors and Debtors in the above Estate are hereby required to file their claims with and pay their debts to the undersigned within 30 (Thirty) days of the date of publication hereof.
**METCALF, SAHD AND COMPANY**
**AGENT FOR THE EXECUTOR**
**8 GREY STREET**
**P.O. BOX 127**
**QUEENSTOWN**
**5320**
**TEL: (045) 839 4136**
**FAX: (045) 838 4233**

## TE KOOP




**TE KOOP**
Vir die eerste keer 'n forskop wat nie lek nie!!
**Kontak Mnr Piet Smith 071 611 2144**
**R**


**TUPPERWARE TE KOOP**
Vir bestellings kontak
**Jolandri**
**079 846 1075**
**Heilbron**

### ROLSTOEL PROJEK

Kom help ons om "bread tags" in te samel, vir elke 350 kg word 5 rolstoele geskenk aan behoeftiges. Daar is 'n houer in Herald Office National winkel. As almal saamwerk word dié 350kg gou-gou ingesamel.

### SPAN VAN DRAAD

Indien u draad wil span, kontak Pudumo (Pty) Ltd. Fencing Construction. Hulle is die regte persone om u probleem op te los, teen 'n billike tarief.
Prys is onderhandelbaar.
**Kontak Pudumo Daniel 078 781 5848 of Maseko Chrisjan 083 516 6064** **K1650**



**Besoek ons vir al u skryfbehoeftes benodigdhede, digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene, informele drag en vele meer.**

**BESIGHEIDSURE**
**Maandae tot Donderdae:** 07:30 tot 17:00
**Vrydae:** 07:30 tot 16:30
**Saterdae:** 08:30 tot 13:00

**Elsstraat 44 • Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**
**Faks: 058 853 0140**
**heraldnuus@heilbron.co.za**

Herald Office National

## TE HUUR

### HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieërde kroeg beskikbaar.
**Bespreek by Elsie Grobler 081 216 6105 of Magda Bierman 083 292 1503**

## BLOEDSKENK DATUMS HEILBRON

***PLEK: N.G Kerksaal (Suid)***




- 26 Maart 2019
- 28 Mei 2019
- 23 Julie 2019
- 19 Sept. 2019
(Op 'n Donderdag en nie op 'n Dinsdag nie, 24ste is 'n vakansiedag en langnaweek).
- 26 November 2019

## DIENSTE

### BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**

### GESOEK

Klein plasie, plot, plaashuis.
**Kontak 072 368 9494**
**K1647**

### MADELIEF SKOONMAAK-DIENSTE

Professionele stoom-skoonmaak van u matte, meubels & motors (bekleedsels & matte) op Heilbron, asook omliggende dorpe en plase.
Slegs kontant.
**Skakel: Madelief 082 373 2954 of 058 853 0261 Heilbron**
**R**

## EIENDOMME

### VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

*Vir die beste transaksies en diens*

**Elsstr. 47 HEILBRON**
**Tel: 058 852 2041**
**Petro Meintjes - 083 308 9159**

TIP-TOP MILK

## Job Opportunity

**Personal Assistant Required for Tip-Top Milk based near Koppies**

Tip-Top Milk is one of the largest Milk Wholesale Companies in South Africa.
We are looking for a Personal Assistant with the relevant experience and qualifications based at our offices near Koppies. We are willing to offer a competitive package

**Requirements:**
- Minimum of a matric level of education
- No formal training required but advantageous.
- A minimum of 5 years relevant experience as PA to MD.
- Valid driver's licence
- Availability to work after hours and weekends when required

**Responsibilities:**
- Screening calls - Acting as a first point of contact, dealing with correspondence and phone calls
- Managing diaries, organising meetings and appointments (controlling access to the MD/executives)
- Booking and arranging travel & accommodation
- Organising events and conferences
- Reminding MD of important tasks/deadlines
- Typing, compiling and preparing reports, presentations & correspondence
- Liaising with staff, clients and suppliers
- Collating and filing expenses
- Conducting research

**Key Skills:**
- Positive and professional attitude
- Discretion & trustworthiness
- Flexibility and adaptability
- Time management
- Good oral and written skills
- Accuracy and attention to detail
- Organisational skills and the ability to multitask
- Ability to be proactive and take initiative
- Tact and diplomacy
- Excellent communication skills
- Knowledge of standard software packages (Microsoft Windows & Office)

Please send your resume before the 28th February 2019 to careers@tiptopmilk.co.za, if you do not hear of us in 14 days, you can assume that your application was unsuccessful

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | 1 | |
| | | | | | 2 | | | 3 |
| | | | 4 | | | | | |
| | | | | | | 5 | | |
| 4 | | 1 | 6 | | | | | |
| | | 7 | 1 | | | | | |
| | 5 | | | | | 2 | | |
| | | | | 8 | | | 4 | |
| | 3 | | 9 | 1 | | | | |

**SUDUKU** - *Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.*

## BEDANKING

### BEDANKING

Ons wil net die Heilbron gemeenskap en elkeen bedank vir al die telefoonoproepe sms'e en Whatsapps wat ek en Susan gekry het na haar skielike hartoperasie.
Baie dankie aan elkeen vir jul belangstelling en gebede en 'n groot dank aan ons Hemelse Vader wat haar deur hierdie groot operasie gedra het.
Sy sterk tans tuis aan.
**Danie & Susan Bornman**
**K1649**

Baie dankie aan al die Heilbronners wat hierdie swaar tyd vir ons makliker gemaak het. Dankie vir liefde, omgee en ondersteuning. Sampie was 'n omgee mens en hy was lief vir sy vriende.
**Jessie & kinders**
**R**




**HP 121 Kleur**
**HP 88 XL Swart**
**HP 88 XL Cyan**
**HP 88 XL Magenta**
**HP 88 XL Geel**
**Above Cartridge ink - less 10%**

Indien u enige nuus vir die koerant het, skakel of stuur e-pos vir Jolandri by 079 846 1075 of 058 852 3033
E-pos: heraldnuus@heilbron.co.za

# *Ons hoor graag van jou*

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag.
Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, kontak Jolandri kantoorure by 058 852 3033.
**heraldnuus@heilbron.co.za**

**AANDAG Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.**

# Hoërskool Heilbron atlete presteer



*Die primêre atlete van Hoërskool Heilbron gaan op 23 Februarie aan die NFS byeenkoms te Sasolburg deelneem. Hulle is van voor: Noeline Gavin, Aldi Strydom, Anelle Volschenk, Michaela Grobler, Carina Rautenbach en Carli Rochat. Agter: Hanru Steyn, Paul de Koker, Tiaan Britz, Bees Britz, Dihan J/V Rensburg en Lourens Roux.*



*Die sekondêre atlete van Hoërskool Heilbron wat die skool verteenwoordig op 1 en 2 Maart op die Vrystaat atletiek kampioenskappe in Bloemfontein is voor vl: Danelle Oosthuizen, Leandri Bennink, Elana Dippenaar, Megan Strydom en Kristen Muller. Tweede ry: Waldo Steyn, Hanro Volschenk, Francois Els en Wessel Steyn. Agter: Henrico de Jager, Sarel Mouton, De Jager Jooste, Wolter Bennink en Josua van Wyk.*

## JA Malherbe Primêre skool atlete presteer



*Die volgende atlete van die JA Malherbe Primêre Skool op Petrus Steyn het tydens die Oos-Vrystaat Atletiekbyeenkoms gekwalifiseer om aan die Vrystaat-byeenkoms in Sasolburg op 2 Maart deel te neem: Hulle is van links: Kaylie de Bruyn (1200m), Matshidiso Sompane (spiesgooi), Estené Janse van Rensburg (1500m stap) en Li-Ann Sieberhagen (1500m stap).*

# Voltooi Midmar-myl



*Twee leerders en twee onderwyseresse van Hoërskool Reitz, het die bekende Midmar-myl met sukses voltooi. Die swemmers is van links: Johanné Bonthuys, Me. Yzelle de Beer, Adriaan Bonthuys en Me. Annelie Scholtz.*


## Bieliemieliefees





*Dinamiet kom nie verniet in klein pakkies nie. Onderskeie skole, onder andere Hoërskool Heilbron en Hoërskool Wilgerivier se primêre leerders het die afgelope naweek by die Bieliemieliefees in Reitz deelgeneem aan rugby en netbal wedstryde. Die uitslae is as volg: Hoërskool Wilgerivier se rugbyspan wen sewe uit sewe van die wedstryde en stap trots daar weg. Hoërskool Heilbron se netbalspan wen Reitz met twee doele, Harrismith A met vyf doele, Harrismith B met ses doele en speel gelykop teen Petrus Steyn met twee doele elk.*

# Valentynssokkie 'n hoogtepunt op kalender by Hoërskool Heilbron




*Hoërskool Heilbron se leerders kon die liefde in die lug voel verlede week tydens die primêre en sekondêre leerders se valentynssokkies. Die primêre leerders het behoorlik uitgestaan tydens hulle sokkie waar Candyland hulle tema was. Helder gekleë het die leerders hulle skoene "uit gesokkie". Die sekonêre leerders het valentynssokkie gehou met "Beauty and the Beast" as tema. Hulle het voorwaar 'n sprokiesaand beleef. Foto erkenning: André Pretorius fotografie en Facebook*

# Suid-Afrika Wêreldkampioene in Spesie Hengel

• *Albert van Lingen*

Suid-Afrika is weer die Wêreldkampioene in Spesie Hengel met 'n totaal van 602 vis met 'n gewig van 1759.650kg.

In 2008 is die eerste Wêreld Spesie Hengel gehou in Suid-Afrika en waar Suid-Afrika gewen het.

Spesie Hengel word oor 72 uur dag en nag gehengel en net karp van 1.5kg word ingeweeg.

Daar was gehengel vanaf 10 - 13 Februarie 2019. Dit het goed vir Suid-Afrika begin om as Wêreldkampioene die wêreldspele te wen. Daar was 24 lande teenwoordig te Bamboesspruit te Bloemhofdam. Daar was drie Sones A,B,C van 24 penne elk met twee hengelaars per pen. Omstandighede het dit baie moeilik gemaak met baie reën, donderweer en sterk winde.

A-sone is deur Suid-Afrika gewen deur GP Nel en Johan de Klerk met 252 vis met 'n gewig van 754.450kg.

B-sone is ook deur Suid-Afrika gewen deur Dean Pelser en Christopher Pelser met 233 vis met 'n gewig van 718.830 kg.

Totale vis gevang deur 72 hengelaars is 5 850 vis met 'n gewig van 16739.440kg.

In C-sone was Suid-Afrika ongelukkig. Pieter Greyling en Yasised Surtee wen met 117 vis met 'n gewig van 291.370kg.

Daar was 44 beamptes teenwoordig wat 9 ure aan diens was en 9 ure af. Vis is geweeg waar moontlik elke twee ure en dadelik vrygelaat.

Dit was 'n onvergeetlike ondervinding om daar te wees met soveel lande en tale.

Sedert 2008 was GP Nel en spanmaats al drie keer Wêreldkampioene.

**Die totale uitslae is as volg:** *Gevolg deur land totale gewig (kg) en totale visse gevang.*

1. Suid-Afrika, 1 759,650kg en 602 visse
2. Frankryk, 1 100,410kg en 356 visse
3. Roemenië, 1 007,300 kg en 367 visse
4. Australië, 946,810kg en 347 visse
5. Engeland, 1 065 080kg en 360 visse
6. Oekraïne, 1 032,140kg en 342 visse
7. Rusland, 792,100kg en 271 visse
8. Hongarye, 825,100kg en 287 visse
9. Bulgarye, 729,370kg en 261 visse
10. Kroatië, 1 000,540kg en 362 visse
11. Portugal, 612,390kg en 233 visse
12. Litaue, 779,380kg en 255 visse
13. Nieu-Seeland, 646,240kg en 240 visse
14. Italië, 634,440kg en 197 visse
15. Namibië, 593,720kg en 221 visse
16. Wallis, 463,600kg en 171 visse
17. Skotland, 493,660kg en 164 visse
18. Israel, 461,770 en 166 visse
19. Spanje, 417,390kg en 158 visse
20. Nederland, 346,670 en 122 visse
21. Oostenryk, 326,360kg en 115 visse
22. Switserland, 244,060kg en 86 visse
23. Bosnie-Herzegowina, 218,830kg en 89 visse
24. Belarus, 218,830kg en 78 visse



*Erkenning: http://www.oordnebo.co.za*

# Ruiterklub open jaar op 'n hoë noot

Heilbron Ruiterklub het die nuwe jaar afgeskop met 'n rit wat aangebied was op 19 Januarie 2019, deur Ian en Hannetjie Enslin, op hulle plaas Vriendschap, Petrus Steyn. Die Enslins het die ruiters bederf met 'n roete, wat hulle deur die pragtige Moot gebied geneem het. 12 Ruiters is halfpad gelaaf onder die koelte in 'n pragtige bos en bederf met lekker verversings.

Daar was ook genoeg geleentheid vir ruiter en perd om af te koel in die plaasdamme op hierdie interessante roete. Die dag is afgesluit met 'n heerlike braai en lekker saamkuier.

Die volgende rit word môre, 23 Februarie om 13:30 aangebied op Willow Glen deur Cornè en Magda Van Der Merwe.



# Wilge Hengel Nuus

Wilge hengelklub se tweede klubkompetisie is gehou op 9 Februarie 2019 te Wilgedraai. Die uitslae is soos volg:

**Juniors:** Eerste - Dean Tolmay en tweede - Frans Louw.

**Seniors:** Eerste - Leon Louw, tweede - JD Claassen en derde - Sean Louw.

**Dames:** Eerste - Christa van Wyk en tweede - Marietjie Kleynhans.

Die volgende kompetisie vind plaas op 9 Maart. Dit val ook saam met ons deurnag kompetisie.

Vir meer inligting skakel GP Rossouw by 082 319 9472 of Derick Tolmay 084 586 9113.

# Pizza Bust vir die week



*Vanessa Lottering is 7 jaar werksaam by Sebokeng Fuels en sy is hierdie week se gelukkige werker wat met 'n heerlike pizza van Buffalo Valley Spur Heilbron bederf is. Op die foto is Portia Xaba, Vanessa Lottering en Jafta Mofokeng.*


## U EEN STOP WINKEL

**BESIGHEIDSURE**
**Maandae tot Donderdae:** 07:30 tot 17:00
• **Vrydae:** 07:30 tot 16:30
• **Saterdae:** 08:30 tot 13:00

Besoek ons vir al u skryfbehoeftebenodigdhede, digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene, informele drag en vele meer.

***Kontak ons gerus vir flinke en vriendelike diens.***

Herald

**Elsstraat 44 • Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**
**Faks: 058 853 0140**
**E-Pos: heraldnuus@heilbron.co.za**

Office National

**BESIGHEIDSURE**

MAANDAE TOT DONDERDAE
07:30 tot 17:00
VRYDAE - 07:30 tot 16:30
SATERDAE - 08:30 tot 13:00

*Kontak ons gerus vir flinke en vriendelike diens.*

Elsstraat 44 • Heilbron • 9650
Tel: 058 852 3033

Herald
Office National


Herald Sport

# Baan nou speel paradys

"Ons kort die Oubaas se water" was Thys Rampai, afgetrede greenkeeper se antwoord, wanneer aan hom gevra word hoekom die setperke so stadig groei. Dit is baie waar, binne 'n week na die milde reën het die baan in 'n groen spelers paradys verander. Skoonvelde en ruvelde het uitgegroei en dit gaan die moeilikheidsgraad van die baan opstoot.

Die klub se jaarbeplanning is op die kennisgewingbord en die eerste kompetisie is 16 Maart. Dit word deur Kopanang Drankwinkel en Algemene Handelaars geborg.

Die jaarlikse klubkampioenskappe is op 23 Maart en Star Slaghuis sal dit vanjaar borg.

Ledegelde is betaalbaar voor of op 28 Februarie. Saterdag is die Sundowners van Vaaldriehoek hier en 'n klompie Heilbronners gaan op Frankfort speel. Daar is gewone spel vir lede vanaf 12:00. Wiam Rautenbach is aan diens.

# Heilbron Rolbal Nuus



*Op die foto bo is: Babs Knoesen, Judith Joubert, Suzie v/d Westhuizen en Stienie Kotzee.*

Na al die die bravade van die deurnag toernooi wat gehou was het dinge by die rolbal weer teruggekeer na normaal, almal is uitgerus en is Valsrivier Subdistrik se kompetisies ook weer aan die gang.

Die afgelope naweek is die dames pare aangebied by Kroonstad Rolbalklub. Judith Joubert en Babs Knoesen asook Stienie Kotzee en Suzie van der Westhuizen was die twee spanne van Heilbron wat deelgeneem het. Heilbron spelers het hulle weereens goed van hulle taak gekwyt met Judith en Babs wat vierde eindig. Hulle sal op 23 Maart in Bethlehem aan die uitdunne deelneem.

Heilbron Rolblaklub is ook reeds besig met die beplanning van 'n baie spesiale rolbal pretdag wat op 23 Maart aangebied sal word met die ondersteuning van Buffalo Valley Spur. Daar word beplan om hierdie dag iets besonders te maak vir alle rolbal spelers van die omliggende klubs, maar ook vir almal wat belangstel in rolbal.

Enigiemand wat belangstel in die sport is welkom om Woensdae- en Saterdaemiddae om 13:30 rolbalbaan toe te kom, waar daar altyd iemand sal wees om belangstellendes touwys te maak.

# Krieket Nuus



*Heilbron Krieketklub het in die tweede rondte sover nog geen wedstryde gespeel nie aangesien die velde te nat was as gevolg van die reën. Heilbron speel Saterdag hulle laaste tuiswedstryd van die seisoen teen Rust Ter Vaal om 13:00. Heilbron Krieketklub wil net vir Pakworks baie dankie sê vir die borg van kriekettoerusting en ook aan Maverick Paint Professionals. Heilbron het tweede geëindig op die puntestand van die Pro 20 waar hulle kwalifiseer vir die semi-finaal wat gespeel sal word op 16 Maart. Die finaal sal op die 16de plaasvind - tyd en plek moet nog bevestig word. Heilbron is tans eerste op die puntestand met 35 boulbeurte.*

# Heilbron - Polisiebrokkies

■ 'n Toename in koperdiefstal is weer besig om kop uit te steek. Die diewe teiken deesdae Eskom se transformators, veral op plase waar hulle die transformators oopbreek om die koperkabels in die hande te kry. Wees op die uitkyk vir verdagte persone en meld dit aan by die polisie.

■ Wees paraat, huisinbrake en veediefstal neem steeds toe.

■ Gesteelde eiendomme is gevind, maar die eienaar is onbekend. Indien jy 'n *grinder* vermis, kan jy dit by die Heilbron Polisiestasie gaan uitken. Bewys van eiendom sal verlang word.





**BKB Louwid NOORD**
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 25 FEBRUARIE 2019
HEILBRON : BBB ABATTOIR
Lopende besigheid
11:00, Abattoir, Heilbron
Kontak Piet Boshoff 083 210 7135

DINSDAG - 26 FEBRUARIE 2019
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Jan-Hendrik Muller 072 512 2617

KLERKSDORP Weeklikse veiling.
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

WOENSDAG - 27 FEBRUARIE 2019
MEMEL Maandelikse veiling.
Kontak Gideon Bekker 084 512 7628

DONDERDAG - 28 FEBRUARIE 2019
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Gert Burger 082 822 1952

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

VRYDAG - 1 MAART 2019
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

FRANKFORT : HARTEBEESFONTEIN MERINO'S
40 Horing- en poenskop Merino's
11:00, Skurwekop BV saal, Frankfort
Kontak Danie de Wet 082 772 4537

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za